Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

MAART 2016

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

BRANDSEISOEN SE EERSTE AANSLAG DAPPER BEKAMP

– danksy 'n gesamentlike poging deur brandbestryders, vrywilligers en ondersteuners uit die gemeenskap

Twee siedende brande, een wat in die omgewing van Stanford begin het en 'n ander wat in die omgewing van Hawston uitgebreek het, was in Januarie voorbladnuus toe oorbelaste en uitgeputte brandbestrydingspanne in die Overberg moes swoeg om ook tegelyk 'n wegholbrand in die Elgin-vallei onder beheer te bring - veral aangesien al hierdie brande 'n wesentlike gevaar vir verskeie woongebiede binne die area ingehou het.

Dit was regtig 'n opdraande stryd vir die brandbestrydingspanne aangesien 'n skroeiende Suidooster die brande aangeblaas het en die digbegroeide terrein haas onbegaanbaar vir voertuie is. Van meet af aan het spanne van Werk met Vuur, Cape Nature en vrywilligers wat hulself Volunteer Wildfire Services noem, ingetree om die gesamentlike brandbestrydingsdienste van Munisipaliteit Overstrand en die Overberg Distriksmunisipaliteit op die grond van hulp te wees. By meer as een geleentheid moes lug-ondersteuning ook ingeroep word om erge skade aan woonhuise en infrastruktuur te verhoed.

En dan het die gemeenskap in die algemeen ook hul deel gedoen…

Overstrand se brandweerhoof, Lester Smith, het net lof vir diegene wat so geredelik hul ondersteuning aangebied het en seker gemaak het dat die brandbestrydingspanne 'n ietsie te ete en te drinke kon hê - dag na dag, nag na nag.

"Al antwoord wat ons hiervoor het, is 'n nederige 'baie dankie'", het hy gesê.

Gelukkig was daar geen lewensverlies nie, maar net die Stanford 1093 ha en Hawston 294,64 ha brande alleen het tot gevolg gehad dat 1387,64 ha se inheemse plantegroei vernietig is en op Pearly Beach is een huis verwoes en drie ander huise beskadig om nie eens te praat van die geweldige trauma wat veroorsaak is vir almal wat deur die brande geraak is nie. Die oorsaak van die brande word tans ondersoek. By terugskoue op hierdie uitdagende begin van die brandseisoen, het Smith opgemerk: "Indien die ondersoek aan die lig sou bring dat die brande opsetlik veroorsaak is, hoop ek dat die skuldiges aan die pen ry. Niemand, maak nie saak om watter rede nie, het die reg om 'n ander se bestaansmiddele te vernietig of ander mense se lewens in gevaar te stel." Aangesien warm, winderige en droë weerstoestande waarskynlik vir die afsienbare toekoms gaan voortduur, doen Overstrand 'n beroep op alle inwoners en besoekers om uiters omsigtig met vuur te werk te gaan. Voorts, meld asseblief enige verdagte aktiwiteite onmiddellik by jou naaste polisiekantoor aan of skakel Overstrand se 24/7-noodsentrum by 028 312 2400.

DERDE OPEENVOLGENDE JAAR FINANSIEEL 'GESOND' VERKLAAR

Munisipaliteit Overstrand het weereens 'n skoon ouditverslag vir die 2014/15-boekjaar ontvang. 'n "Skoon" ouditresultaat beteken 'n ongekwalifiseerde oudit wat daarop neerkom dat die finansiële state geen wesentlike wanvoorstellings bevat nie, dat daar geen wesentlike bevindinge ten opsigte van verslagdoening oor jaarlikse prestasie was nie en dat daar aan alle sleutel wetgewing voldoen is.

Ons ontvang reeds ongekwalifiseerde oudits sedert 2006/7 en het in 2012/13, 2013/14 en nou weer in 2014/15 skoon oudits ontvang.

"Om 'n skoon oudit te behaal, strook met ons einddoel, naamlik om 'n skoon administrasie te handhaaf wat gekenmerk word deur goeie bestuursbeheer, finansiële nakoming en sterk interne beheermaatreëls," het Uitvoerende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie gesê en bygevoeg dat "om hierdie doelwit te bereik, moet ons deurentyd ter wille van groei en volhoubaarheid daaraan werk om ons sakeprosesse te verbeter".

Oudit bevindinge in 'n oogopslag

1. SKOON OUDITRESULTAAT:
Die finansiële state bevat geen wesentlike wanvoorstellings nie ('n finansieel-ongekwalifiseerde ouditmening word dus uitgespreek) en daar is geen wesentlike bevindinge rakende verslagdoening oor prestasiedoelwitte of gebrekkige nakoming van wetgewing nie.

2. FINANSIEEL ONGEKWALIFISEERDE OUDITMENING:
Die finansiële state bevat geen wesentlike wanvoorstellings nie. Tensy die ouditeur 'n skoon ouditresultaat verklaar het, was daar wel bevindinge rakende óf verslagdoening oor voorafbepaalde doelwitte óf voldoening aan wetgewing, of beide hierdie aspekte.

3. GEKWALIFISEERDE OUDITMENING:
Die finansiële state bevat wesentlike wanvoorstellings ten opsigte van spesifieke bedrae, of daar is nie genoeg gronde vir die ouditeur om te bevind dat spesifieke bedrae wat by die finansiële state ingesluit is, nie wesentlik wanaangegee is nie.

4. ONGUNSTIGE OUDITMENING:
Die finansiële state bevat wesentlike wanvoorstellings wat nie tot spesifieke bedrae beperk is nie, of die wanvoorstellings verteenwoordig 'n aansienlike gedeelte van die finansiële state.

5. GEWEIERDE OUDITMENING:
Die geouditeerde het onvoldoende bewyse in die vorm van dokumentasie voorgelê waarop 'n ouditmening gegrond kon word. Die gebrek aan voldoende bewyse is nie tot spesifieke bedrae beperk nie, of verteenwoordig 'n aansienlike gedeelte van die inligting wat in die finansiële state vervat is.

BRANDWEERAFDELING STAP WEG MET GESOGTE TOEKENNING VIR UITNEMENDE DIENS

Uitvoerende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie met brandweerhoof, Lester Smith, aan haar linker- en Rosenbauer-verteenwoordiger, Michael von der Heyde, aan haar regterkant by die ontbytgeleentheid wat onlangs vir Overstrand se brandweerafdeling by die Windsor Hotel in Hermanus gehou is.

"Ek is met reg trots daarop dat Overstrand se brandweerafdeling alle verwagtinge by die 2015 SAESI-konferensie oortref het en die Rosenbauer-toekenning vir Uitnemende Diens huis toe gebring het."

Almal wat die seisoenale oorsiggeleentheid in die vorm van 'n ontbyt by die Windsor-hotel in Hermanus bygewoon het, was dit eens met Uitvoerende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie, veral in die lig van die brandbestrydingspanne se heldhaftige pogings vroeër vanjaar om weghol-veldbrande onder beheer te bring [sien teenoorstaande berig]. Die ontbytgeleentheid word gehou om nooddienstepersoneel vir hul voortreflike diens te bedank.

Die Suider-Afrikaanse Instituut vir Nooddienste (SAESI) hou jaarliks 'n konferensie - die grootste byeenkoms van noodbestuursdienste in Afrika - waarvan die hoogtepunt 'n toekenningsgeleentheid is om eer te betoon aan daardie brandweerafdelings van oral in die land wat oor 'n vasgestelde tydperk volgens streng riglyne met mekaar meegeding het.

Tesame met die toekenning het die brandweerafdeling ook hoogs gevorderde gereedskap en toerusting ter waarde van R75 000 ontvang vanaf Michael von der Heyde, 'n verteenwoordiger van een van SAESI se vernaamste borge, Rosenbauer, die vervaardiger en verspreider van brandbestrydingstoerusting en brandweerwaens van wêreldgehalte.

’N SPESIALE BEROEP OP SUID-AFRIKA SE JEUG:
Sê jou sê: Registreer om te stem!

SUID-AFRIKA het een van die jongste bevolkings ter wêreld. Volgens StatsSA se nuutste syfers is bykans tweederdes van die bevolking van 53 miljoen mense jonger as 35, en bykans 40% van dié bevolking is ná 1994 gebore.
Maar hierdie statistiek word nie in die kieserslys weerspieël nie.

In 2014 se nasionale verkiesing het die algehele registrasievlak van die stemgeregtigde bevolking op 80% gestaan - wat volgens internasionale standaarde glad nie sleg is nie. Alhoewel registrasievlakke vir kiesers ouer as 40 bó 95% was, was registrasievlakke vir kiesers 30 jaar en jonger egter onder 50%, met die registrasievlakke vir 18- en 19-jarige kiesers wat ’n powere 15% weerspieël.

Soos sake nou staan, het maar net ’n skamele 289 000 uit ’n stemgeregtigde bevolking van nagenoeg twee miljoen kiesers in die ouderdomsgroep 18/19 jaar tot op hede geregistreer!

Indien ons wil hê demokrasie moet voortbestaan en gedy, sal baie meer jong Suid-Afrikaners by die verkiesingsproses betrokke moet raak. En dit is die uitdaging wat die OVK vir homself gestel het namate hy voorberei om die 2016 munisipale verkiesings aan te bied.

Die goeie nuus is dat wanneer dit by die jeug se deelname kom, toon stembusstatistiek dat as jongmense sover kom om te registreer, hul bywoning hoër as dié van enige ander groep is. In 2014 was kiesers in die ouderdomsgroep 18/19 jaar se bywoning 83%, wat 10% hoër as die gemiddeld is.

Die gevolgtrekking? Mits jongmense registreer, is dit hoogs waarskynlik dat hulle op stemdag sal opdaag om te stem. En daarvoor sê ons “dankie!”

HOE KAN JY HELP?

1. ELKE STEM TEL!

Vertel almal wat jy ken dat om te registreer en in vanjaar se munisipale verkiesings te stem nie net jou burgerlike plig is nie maar boonop *uber “cool”* is! Daardie mense wat glo dat hul enkele stem geen verskil sal maak nie, behoort weer te dink. Elke stem tel in ’n verkiesing, veral aangesien die meerderheidsbeginsel vir wyksraadslede geld. Het jy geweet dat in die vorige munisipale verkiesing in 2011 bykans 400 wyksraadslede met minder as 250 stemme verkies is?

2. PLAASLIK IS LEKKER!

As jy dink munisipale verkiesings is nie so belangrik soos nasionale verkiesings nie, dink weer!
Plaaslike regering staan aan die voorpunt van die lewering van dienste en geriewe oral in ons land en het ’n regstreekse impak op ’n gemeenskap se lewensgehalte deur noodsaaklike dienste soos die volgende te voorsien:

- Water
- Elektrisiteitsaansluitings
- Sanitasiedienste
- Kritieke infrastruktuur soos paaie en parke
- Veiligheid en sekuriteit

3. JOU TOEKOMS IS IN JOU HANDE.

As jy nie stem nie, laat jy die toekoms van jou gemeenskap, jou dorp en jou land oor in ander mense se hande. Sou jy ander mense met jou bankkaart of jou foon se PIN-nommer vertrou? Waarskynlik nie, of hoe? So waarom vertrou jy op ander mense om oor jou toekoms te besluit? Jou stem is joune - jy het hierdie fantastiese reg verdien deur ’n Suid-Afrikaanse burger te wees en 18 jaar oud te word. Moenie dit vermors nie.

4. MOENIE AAN FOMO LY NIE!

Steeds nog nie oortuig dat jy gaan stem nie? Oukei, maar registreer ten minste sodat, wanneer stemdag aanbreek, jy ten minste ’n keuse het of jy wil stem of nie. Die kieserslys vir die verkiesing sluit op die dag waarop die verkiesing afgekondig word. As jy nie dan op die lys is nie, is daar nie ’n kans dat jy sal kan deelneem nie - selfs al sou jy later wou! So sorg dat jy op die kieserslys is!!

5. GEBRUIK SOSIALE MEDIA OM TE WYS JY GEE OM - ÉN DAT JY *“COOL”* IS.

Wanneer jy registreer en stem, sorg dat jou vriende daarvan weet deur sosiale media te gebruik. Die *“cool”* outjies is daardie wat op stemdag met ’n selfie van hul geïnkte duim gaan spog. Wat van jou?

HOE OM JOU KORREKTE STEMLOKAAL TE VIND

Alle stemgeregtigdes (Suid-Afrikaanse burgers 18 jaar of ouer) moet seker maak dat hulle in die korrekte stemdistrik waar hulle gewoonlik bly, geregistreer is. Anders as nasionale en provinsiale verkiesings, word jy in ’n munisipale verkiesing slegs toegelaat om te stem in die stemdistrik waarbinne jy geregistreer is.
Daar is ’n paar maniere waarop kiesers kan uitvind wat hul korrekte stemlokaal is:

- Skakel die Verkiesingskommissie se kontaksentrum by 0800 11 8000 tussen 07:00 en 21:00 op weeksdae. Vir die eerste keer gaan kontaksentrum-agente ook beskikbaar wees om kiesers via webchat (www.elections.org.za), Twitter (@IECSouthAfrica), Facebook (IECSouthAfrica) en e-pos (info@elections.org.za) van hulp te wees.
- Gebruik die “voting station finder”-toepassing op die OVK se webwerf by www.elections.org.za.
- Skakel *120*IEC# (*120*432#).

Kiesers wat reeds geregistreer is, kan hul ID-nommer na 32810 SMS (kos R1) om bevestiging van hul kieser registrasie besonderhede te verkry, met inbegrip van die naam van hul stemlokaal.
Wanneer jy na jou stemlokaal gaan om te registreer, maak seker dat jy jou groen strepiekode-ID-boekie, slim-ID-kaart of ’n geldige tydelike ID-sertifikaat saamneem. Geen ander vorms van identifikasie sal vir kieserregistrasie aanvaar word nie.
Die Verkiesingskommissie herinner alle kiesers daaraan dat dit ’n kriminele oortreding is om willens en wetens in ’n stemdistrik te registreer waarin die kieser nie normaalweg ’n inwoner is nie.

Wanneer: 08:00 tot 17:00 Saterdag 5 Maart en Sondag 6 Maart 2016
Waar: Die stemlokaal in die stemdistrik waarin jy gewoonlik woon. Skakel 0800 11 8000 (07:00 tot 21:00 weeksdae) of skakel *120*432# of besoek elections.org.za om jou korrekte stemlokaal te vind.
Wat jy nodig het: Jou amptelike ID uitgereik deur Binnelandse Sake (of ’n slim-ID-kaart, ’n groen strepiekode-ID-boekie of ’n geldige Tydelike Identifikasie-sertifikaat)
Hoe lank dit sal neem: Dit neem net ’n paar minute - jy vul een aansoekvorm in en ons skandeer jou ID. En dis dit!
Meer info: Skakel 0800 11 8000 of jy kan in verbinding tree met een van ons kontaksentrum-agente via Twitter en Facebook tussen 07:00 en 21:00 op weeksdae.

OAK hou betowerende konsert in St Peters Anglikaanse Kerk

Op Dinsdagaand 29 Maart gaan Overstrand Arts/Kunste (OAK) ’n uitvoering deur die virtuoos Stefan Temmingh (blokfluit), begelei deur Erik Dippenaar (klavesimbel), in die St Peters Anglikaanse Kerk aanbied. Stefan, nou reeds ’n befaamde internasionale kunstenaar met verstommende vaardighede, gaan konsertgangers meevoer met sy uitvoering van ’n program getitel **Corelli and Co**. Die atmosfeer van die St Peterskerk is besonder geskik vir hierdie program wat werke deur Arcangelo Corelli insluit, sowel as deur komponiste wat deur sy komposisies beïnvloed is. Die program lyk soos volg: Arcangelo Corelli - Opus 5, Sonate no. 9 in A-majeur; Johan Helmich Roman - Sonate in C-mineur (BeRI 203); Francesco Saverio Geminiani - Chaconne; Arcangelo Corelli - Opus 5, Sonate no. 10 in C; Georg Friedrich Handel - Sonate in B-mineur Opus 1 no. 9 HWV 367b; Antonio Vivaldi - Sonate in E-majeur, RV 806; Arcangelo Corelli - Opus 5, Sonate no. 12 “Follia” in G-mineur.

Stefan Temmingh

Erik Dippenaar

Die konsert begin om 19:00 en kaartjies kos R120 (R60 vir studente). Skakel BELLINI by 028 312 4988 om te bespreek. Rig enige ander navrae aan sekretaresse René du Plooy by 082 940 4238.

ALMAL GAAN BY KLEINMOND SE OPGEGRADEERDE BIBLIOTEEK BAAT - MAAR VERAL ONS STUDENTE

Toe die biblioteek oorspronklik in 1986 gebou is, was Kleinmond ’n klein dorpie met maar net ’n handjievol skoolgaande kinders. Sedertdien het hierdie snelgroeiende dorp se demografie dramaties verander, met die gevolg dat die biblioteek moes spook om by te bly met die vraag na hulp met en ruimte om aan skoolprojekte te werk.

Male sonder tal het die besoekende streeksbibliotekaris eerstehands moes aanskou hoe kinders daarmee verlief moes neem om op die vloer aan hulle projekte te werk omdat daar eenvoudig nie plek was waar hulle kon sit nie. Telkens by hierdie geleenthede het Kleinmond se hoofbibliotekaris, Wilma Hooneberg, ’n punt daarvan gemaak om die gemeenskap se veranderende behoeftes onder die streeksbibliotekaris se aandag te bring, en haar moeite het uiteindelik die gewenste resultate gehad.

Na afloop van ’n evaluering wat deur ’n span van Wes-Kaapse Biblioteekdienste onderneem is, is daar besluit dat ’n uitbreiding van Kleinmond se biblioteek om ook ’n tweede verdieping in te sluit, geregverdig is en R5 miljoen is vir hierdie doel toegewys. Bouwerk het in April 2015 ’n aanvang geneem en na verwagting sal die nuwe biblioteek teen April vanjaar ten volle in bedryf wees.

Die nuwe biblioteek gaan bestaan uit ’n afdeling vir volwassenes, ’n afdeling vir kinders en ’n naslaan- en rekenaarafdeling. Een van die twee sale op die boonste verdieping sal gebruik word om konferensies aan te bied, terwyl die ander as ’n lesing- en aktiwiteitslokaal diens sal doen.

“Almal in Kleinmond gaan by die opgegradeerde biblioteek baat omdat dit nie meer nodig gaan wees om boeke uit sirkulasie te haal bloot omdat ons ruimte vir nuwe leesstof moet skep nie,” het Wilma gesê. “Die outjies wat egter die meeste hierby gaan baat, is ons kinders en studente want nou gaan daar oorgenoeg ruimte wees waar hulle in rus en vrede aan hul take kan werk,” het sy bygevoeg.